

Hoër Meisieskool La Rochelle Girls' High School

Faurestraat
Posbus 21 Hoofstraat
Paarl
7622
Tel.: 021-872 4367
Faks: 021-872 7812



Faure Street
P.O. Box 21 Main Street
Paarl
7622
Tel.: 021-872 4367
Fax: 021-872 7812

TOESTEMMINGSVORM INGEVOLGE

DIE WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING 4 VAN 2013 (POPI)

TOESTEMMING OM PERSOONLIKE INLIGTING TE GEBRUIK

Met hierdie inligtingsvorm stem u, (NAAM EN VAN) _____,
ongedwonge in tot die bepalings hieronder deurgegee en stel hiermee sowel u persoonlike
inligting, as dié van die leerder (NAAM EN VAN) _____
beskikbaar.

- 1.1 Hoër Meisieskool La Rochelle is 'n openbare skool ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (soos gewysig), en word bestuur en beheer ingevolge die bepalings van die wet, asook die taal- en toelatingsbeleid wat daarkragtens opgestel is. Die onderrigtaal by die skool is Afrikaans en Engels. Die skool bied onderrig aan vir die grade agt tot twaalf.
- 1.2 Posadres: Posbus 21
Hoofstraat
Paarl
7626
- 1.3 Straatadres: Faurestraat
Paarl
7644
- 1.4 Telefoonnommer: 021 872 4367
- 1.5 Die inligtingsbeampte is die Adjunkhoof, me Nadene van Aswegen, by e-posadres, nadene@larries.co.za.
Die adjunkinligtingsbeampte is die Departementshoof, Quinton Meades, by e-posadres, quinton@larries.co.za.

2. Die inligting wat in verband met 'n leerder ingesamel word

Die volgende persoonlike inligting oor 'n leerder van **Hoër Meisieskool La Rochelle** word ingesamel en gebruik:

Die persoonlike inligting wat ingesamel word kan die volgende insluit:

- die leerder se identiteit en kontakbesonderhede;
- beelde/foto's (ingesluit kringtelevisie beeldmateriaal);
- familie besonderhede;
- toelatings-/ inskrywingsbesonderhede;
- vorige skole;
- akademiese vordering;
- SOBIS-nommer;
- spesiale onderwysbehoefte;
- nasionaliteit;
- taal;
- godsdiens;
- mediese inligting;
- inligting in verband met gedrag en skoolbywoning;
- inligting in verband met gesondheid, veiligheid en welsyn;
- finansiële inligting (ivm fondse, beurs ens.); en
- ander persoonlike inligting.

Indien 'n leerder onder 18 jaar is ten tye van inskrywing, word die naam, adres, kontakbesonderhede en ander inligting van die ouer/voog ingesamel. Indien 'n leerder onder 18 jaar is, word die ouer genader vir toestemming vir sekere aktiwiteite, soos die neem van hul foto's, skooluitstappies ens.

3. Hoe word die inligting gebruik en die wetlike grondslag

'n Leerder se persoonlike inligting word gebruik vir die volgende doeleindes, insluitend:

- *die aansoek vir toelating;*
- *om die leerder van die gepaste opvoeding en ondersteuning te voorsien;*
- *om hul akademiese vordering te monitor;*
- *om om te sien na hul gesondheid en welstand;*
- *om om te sien na die personeel en leerders;*
- *om aansoeke, fooie en beurse te verwerk;*
- *om opvoedkundige programme te koördineer, evalueer, befonds en te organiseer;*
- *om te voldoen aan die wetlike vereistes as 'n opvoedkundige instansie in terme van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997;*
- *om te voldoen aan ons monitering en verslaggewing verpligtinge aan die Nasionale en Provinsiale Regeringsliggame in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996;*
- *om appëlle te prosedeer, dispute op te los, litigasie te verdedig ens.*

4. Met wie word die inligting gedeel

Die persoonlike inligting word met derde partye, insluitend ander Nasionale en Provinsiale Regeringsliggame gedeel.

Dit sluit in die Departement van Basiese Onderwys (DBO), Wes-Kaapse Onderwys Departement (WKOD) en *Staffroom* Skooladministrasie Program.

Die omvang en aard van hoe die inligting gedeel word, word bepaal deur verskeie faktore. Die Regeringsliggame aan wie die persoonlike inligting oorgedra word, sal dit vir hul eie doelwitte gebruik (ingesluit die verifikasie van ander inligting wat hulle reeds oor die leerder besit ens.). Hulle mag dit ook saamvoeg by ander inligting wat hulle reeds oor 'n leerder en hul familie beskik.

Persoonlike inligting word ook met ander derde partye gedeel, ingesluit ons versekeringsmaatskappy en ander diensverskaffers (ingesluit IT-verskaffers, sekuriteitsverskaffers, regsadviseurs ens.).

Die skool word wetlik verplig om sekere rekords rakende die vordering van 'n leerder (onder 18 jaar) in sy/haar opvoeding aan die leerder se ouers/voogde te verksaf, insluitend eksamenuitslae.

5. Persoonlike inligting word nie aan 'n derde land of internasionale organisasie oorgedra nie.

6. Ons neem nie deel aan outomatiese besluitneming/profiele nie.

7. Hoe lank word die inligting gehou

Sommige inligting word slegs vir 'n kort periode gehou (bv. dit word vernietig aan die einde van 'n akademiese jaar wanneer dit nie meer benodig word nie).

Sommige persoonlike inligting word vir 'n langer periode gehou (bv. nadat jy die skool verlaat het of jou studies aan die **Hoër Meisieskool La Rochelle** voltooi het).

8. Jy het die volgende regte wat ter enige tyd uitgevoer mag word:

- (a) Reg tot 'n Klagte aan die Kantoor van die Inligtingsreguleerder.
Kontakbesonderhede: JD House Stienenstraat 27, Braamfontein Johannesburg
2001, epos: complaints.IR@justice.gov.za.
- (b) Reg tot die toegang tot jou persoonlike inligting.
- (c) Reg tot die regstelling van enige persoonlike inligting wat nie akkuraat is nie.
- (d) Reg tot die beswaarmaking van die verwerking van jou persoonlike inligting.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem saam Ek stem nie saam

Handtekening ouer/voog

Datum

Toestemming om interne bemarkingsinligting te ontvang

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir interne bemarkingsdoeleindes verwerk mag word, en verstaan u, dat deur toestemming te verleen, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang. Geen kontakbesonderhede sal aan derde partye beskikbaar gemaak word vir eksterne bemarking nie.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem saam Ek stem nie saam

Handtekening van ouer/voog

Datum

In die geval van 'n klag, voltooi die *VERSOEK VIR TOEGANG TOT REKORD VAN OPENBARE LIGGAAM* by www.larries.co.za.